



Hoor hier

Submit your CV

Vacant Posts

Circulars

Exams

Curriculum

Newsletter 8/2019


28 January 2019

Assessment Instructions

Kindly take note of the following new Assessment Instructions which are available at http://www.ecexams.co.za/2019_Assessment_Instructions.htm:

- 9/2019: 2019 Grade 12 June Common Examination Draft Timetable
- 10/2019: Prescribed Literature: November 2019 and June 2020 National Senior Certificate

Hoërskool Pearson-Afrikaanskursus 2019



HOËRSKOOL PEARSON HIGH SCHOOL

The School of Excellence | Die skool van uitnemendheid

Hoërskool Pearson-Afrikaanskursus 2019

Vir aandag:

Die Skoolhoof & Afrikaans-onderwysers

Vlak: Graad 8–12 Huistaal & Eerste Addisionele Taal

Alle graad 8 tot 12-onderwysers wat Afrikaans onderrig, word vriendelik na hierdie kursus uitgenooi.

Die kursus word deur kundige fasiliteerders in die Oos-Kaapprovinsie asook gassprekers van buite die provinsie aangebied.

Indien u belangstel, laai asseblief die **registrasievorm en program** af by <http://bit.ly/hoorhier>.

CV: Deon de Villiers

Deon is well qualified and experienced to be an **estate manager/caretaker**. His **CV** is available at <http://bit.ly/hoorhier>.

Ai, Ouma

*Halfkroon tannie
wat nie meer kan nie
hoe vreet hul nou
die beskuit van jou. .
(Don Vincelot)*

Daar is drie groot eg-Suid-Afrikaanse lekkernye: biltong, droë vrugte en natuurlik beskuit. Ek onthou die lekker anysbeskuit wat my ma elke week vir ons saamgestuur het koshuis toe en wat ons dan so in die koffie kon doop en verorber. Soms het sy ons verras met karringmelkbeskuit. Hmmm, lekker!

Alhoewel beskuit so 'n groot lekkerny is, is daar eintlik nog net een persoon wat dit werklik suksesvol gekommersialiseer het en dit is Ouma Greyvensteyn van Molteno. Molteno is 'n klein dorpie hier in die Oos-Kaap.

1939 was 'n jaar waarin die verwoestende gevolge van die Groot Depressie oral in die land sigbaar was. Boonop was dit ook die jaar waarin die Tweede Wêreldoorlog begin het. Een Sondaggend het Ouma Greyvensteyn 'n kerkdiens bygewoon waartydens die predikant gepreek het oor maniere om die sending te ondersteun. Na die diens het elkeen 'n halfkroon gekry (ongeveer 25c) en hulle is aangesê om daarmee te gaan woeker. Net soos in die Bybelverhaal.

Ouma Greyvensteyn het haar geld gebruik om bestanddele te koop vir 'n familieresep vir beskuit. Haar beskuit was so lekker dat sy nie kon halt roep nie. Die bestellings het ingestroom. Om die waarheid te sê die bakkerij het met rasse skrede gegroei tot 'n volwaardige sakeonderneming. Vandag, 'n volle 80 jaar later, bestaan die fabriek steeds op Molteno. Boonop pryk Ouma-beskuit nie net in Suid-Afrika op winkelrakke nie, maar word dit wêreldwyd bemark. Dis beskikbaar in 10 geure en word verpak in 500 g- en 1 kg-pakke.

Omdat ek sommer terugverlang na my ma se lekker anysbeskuit, sluit ek af met 'n paar reëls uit 'n gedig van Suzette Strydom:

*Die soetgeur van nat beskuit
Ruk my terug na die groot kombuis
My gedagtes ver weg op n lang reis*

Geniet die week en onthou: Doop 'n Ouma!

To read more about the history of Ouma Rusks go to http://en.wikipedia.org/wiki/Ouma_Rusks.

Lilyfontein School: Tomato Trot



Speak when you are angry and you will make the best speech you will ever regret.

Ambrose Bierce

This is a private newsletter and it does not reflect the official views of the Department of Education.